Inligtingstuk

VOORBEREIDING OP TEHUISVERSORGING

Voorbereiding van ‘n ouer of gestremde persoon op tehuisversorging word met die nodige rustigheid, empatie en opregte belangstelling gedoen. Die besluit op tehuisversorging is gewoonlik ‘n radikale besluit vir die betrokke persoon en die familie/vriende. Die betrokke persoon behoort betrek te word en geleentheid gebied word om sy/haar vrae te vra, mening te lig en voorkeure te stel.

1] Voorbereiding op die nuwe omgewing.

Die betrokke persoon besoek die tehuis voor opname sodat hulle duidelikheid kan verkry oor die hoe, wat en waar. Die huisreëls behoort voor opname ontvang te word sodat nuwe inwoners tyd het om dit deeglik deur te gaan. Dit mag nodig wees om familie te versoek om seker te maak dat die inhoud verstaan word. Nuwe inwoners is dikwels gespanne en verward.

Dit verskaf gemoedsrus indien die dagprogram en veral etenstye bekend is.

Nuwe inwoners wie relatief gesond is en kan rond beweeg, wil graag weet waar die naaste winkels, poskantoor en bank is. Hoe en waar kan ‘n geneesheer gekontak word? Toegang van kinders/vriende word ook bespreek.

2] Verlies aan privaatheid.

Gewoonlik word kamers gedeel wat ‘n verlies aan privaatheid impliseer. Wys duidelik waar elke persoon se klerekas is asook watter areas vir privaat gebruik en watter areas gedeel word.

Merk alle klerasie en linne. Maak seker dat kaste gesluit word.[Duplikaarsleutel aan die bestuurder!] Deel mee indien eie meubels en/of elektriese apparaat [bv yskas en TV] toegelaat word.

3] **Emosionele voorbereiding**

.

Die besluit op tehuisversorging is traumaties. Maar seker dat die persoon weet waarom die besluit geneem is en dit verstaan. Aggresiewe optrede/opmerkings is dikwels ‘n aanduiding van interne trauma. Hanteer dit met begrip en waar nodig verduidelik aan familie.

Gewoonlik word besittings verminder wat gepaard kan gaan met baie herinneringe en hartseer.

Copyright / Kopiereg © 2011 SAVF

Verduidelik hoe finansies hanteer gaan word. Word daar bv maandeliks geld inbetaal by ‘n snoepwinkel? Finansies is dikwels ‘n groot bron van kommer en dra by tot emosionele spanning.

Hanteer skuldgevoelens van familielede met begrip.

Geestelike versorging behoort aangespreek te word. Wanneer en waar vind byeenkomste plaas en wie kan gekontak word indien daar ‘n behoefte is?
Keuse van optrede/diens na afsterwe word betyds bespreek. Die bestuurder beskik gewoonlik oor die nodige kontaknommers.

4] Positiewe houding

Wys die nuwe inwoner op die voordele van tehuisversorging [bv minder verantwoordlikheid, toegang tot sosiale en ander aktiwiteite, vriende].
Stel hom/haar voor aan die onmiddelike bure en personeel.

Moedig familie/vriende aan om gereeld te besoek en indien moontlik die persoon uit te neem vir kort tye.

Hou in gedagte dat ouer persone moeilik verhuis en tyd nodig het om aan die nuwe omgewing gewoond te raak. Wees oplettend om betyds tekens van depressie aan te spreek.

Helena Willers
Maatskaplike Werker
SAVF Behuisingskemas

Copyright / Kopiereg © 2011 SAVF